Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Maart 2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

www.gksa.org.za

Ken die Here!

Vertrou nie op prinse nie

"... My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.

– 2 Korintiërs 12:9

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag buite agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 119, NO. 3321 - Maart 2018

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Ons jeug en die kerk

3 UIT DIE WOORD
Blydskap oor die opgestane Here

6 REDAKSIONEEL
Hoe beoordeel ek 'n preek?

8 BRANDPUNT
Wie is Cyril Ramaphosa? Wat hou die Ramaphosa-era vir ons as Christene in?

FOKUS
10 Die profesie van Kajafas
12 "Want U het my niere gevorm ..."

ANDER
14 Vertrou nie op prinse nie
16 Ken die Here!
18 Mense in die Bybel (2)
20 Woorde in die Bybel (2)
22 Emeritusgedenklesing en erkenningsfunksie
23 Prof. Koos van Rooy se teologiese bydrae
24 Oom Cecil van Heerden bou Bybelmodelletjies

26 BRIEWE VAN ONS LESERS

28 Personalia / Wel en Wee
30 Op die Kerkwerg
31 Kleinadvertensies

Ons jeug en die kerk

In *Beeld* van 2 Februarie 2018 het die volgende brief verskyn van "Etienne van Pretoria" onder die opskrif: "Só aanbid ons moderne jongmense": "Jongmense glo nie meer aan kerkgeboue en strukture nie. Ons glo aan 'n Christelike leefstyl. Ons kom informeel bymekaar in geboue tot ons beskikking en praat oor die boodskap van die Bybel. Ons glo nie meer aan Adam en Eva nie, want wetenskap toon duidelik wat die mens se evolusie is. Jongmense trou nie meer in kerke nie. Hulle is gelyke lewensmaats. Die man en die vrou werk saam en wil van die wêreld 'n beter plek maak. Hulle lewe dit ook in hulle geloof uit. Sterkte aan die Doppers en al die ander kerke. Julle is uitgedien, maar besef dit nie eens nie."

Ons weet ons kan nie veralgemeen en sê dit is hoe "die jeug" oor die kerk voel nie. Tog kan ons die stelling maak dat die brief opvattings bevat wat wel deur talle jongmense gehuldig word.

Waar lê die oorsaak?

Daar is myns insiens veral twee oorsake vir hierdie vreemde, subjektiewe en nie-Bybelse beskouing oor die kerk.

In die eerste plek kan 'n gebrekkige (of selfs ontbrekende) verbondsopvoeding in die huise genoem word. In die vorige uitgawe is dit genoem dat ouers die grootste bydrae lewer tot die geloofsvorming van hulle kinders. Hoe staan baie ouers teenoor die kerk? In hoeveel huise is daar gebrekkige meelewing met die kerk? Hoeveel kinders hoor van hulle ouers slegs kritiek teenoor die kerk en nie iets positiefs nie?

Hiermee saam versuim die kerk ook dikwels haar plig deur gebrekkige en oppervlakkige verbondsonderrig aan ons kinders.

Tweedens is daar die tydsgees. Ons leef in 'n tyd waarin mense 'n weerstand het teen alle vorme van gesag oor hulle. Gevolglik is dit ook 'n tyd waarin niemand kan aanspraak maak op die waarheid nie, selfs nie die waarheid van die Bybel nie. Vergelyk Etienne se brief: "Ons glo nie meer aan Adam en Eva nie …"

Mense laat hulle nie voorskryf nie. Jy kan besluit hoe jy jou lewe, ook jou godsdienstige lewe, wil inrig.

Wat ontbeer hierdie jongmense?
In Artikel 27 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat die kerk "'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees." (Lees asseblief die volledige Artikel 27 en 28 van die NGB.)

Die Bybel teken die kerk met 'n groot aantal beelde, waarin juis die wonderlike rykdom van die kerk na vore kom. In die verband van hierdie artikel noem ons slegs die beelde van:

- *Huisgesin* (1 Tim. 3:15) – dui op die warmte, die liefdesgemeenskap, die omgee vir mekaar, ook op orde en dissipline. In die kerk, soos in 'n huisgesin, kan jy nie leef soos jy wil nie, byvoorbeeld buite-egtelik saamleef sonder om te trou, ensovoorts (vgl. Etienne se brief).
- *Bruid* (Op. 22:1) – die kerk is die plek waar die liefdesband met ons Bruidegom, Christus, met alles wat Hy is en doen, op sy innigste beleef word.
- *Kudde* (Joh. 10) – in die kerk vergader en versorg die goeie Herder sy kudde.
- *Liggaam* (1 Kor. 12) – jy kan nie aan Christus (die Hoof) behoort as jy nie deel wil wees van sy liggaam nie. Verder: In die kerk is elke lidmaat onontbeerlik (soos elke selletjie in ons liggaam) om 'n sterk, gesonde, fiks, lewenskragtige gemeente te verseker.

Ten einde hierdie beelde te laat realiseer (die gemeente op te bou en toe te rus) het God die ampte ingestel.

Die ampte is deel van die wese van die kerk. Jy vind dit nêrens buite die kerk nie. Om daaraan deel te hê, moet jy deel wees van die kerk (gemeente) op 'n bepaalde plek. Dit behels die gesagvolle prediking (so sê die Here), die herderlike versorging en regering, en die bediening met die liefde en barmhartigheid van Christus.

Dit alles ontbeer Etienne en die jongmense wat soos hy voel. Die geborgenheid, warmte, liefde, vastigheid. Hulle ontbeer ook die heerlike voorreg om te groei tot die beoefening van hulle eie verantwoordelikheid en roeping as "lewende lede" (HK Sondag 21) van die kerk tot in ewigheid. Dit sluit onder andere in dat hulle self geroep kan word tot die besondere dienste, dat hulle hul lewe en gawes en middele offer uit dankbaarheid vir die grootste gawe wat hulle uit genade ontvang het, God se eie Seun.

Ons kan die Here nie genoeg dank vir ons jongmense wat die wonder van die kerk waardeer en liefhet en beleef nie. En ons moet meer as ooit bid vir Etienne en almal wat soos hy voel, wat hulle besig hou met klatergoud, met oppervlakkige, piëtistiese uitlewing van hulle godsdiens, wat nie werklik die toets van die Skrif kan deurstaan nie, dat hulle hulle mag bekeer en ook werklik mag tuiskom in die volle gemeenskap met die volk van God. CFCC

EUREKA
Apteek • Kliniek
JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT
Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM
Ons ondersteun graag Die Kerkblad

Prof. GJC (Gert) Jordaan (emeritus) (Potchefstroom)

Blydskap oor die opgestane Here

Lees: Johannes 20:19-31
Teks: Johannes 20:20
"Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien."

Hoe bevoorreg was die dissipels om die opgestane Jesus lewend voor hulle te sien staan. Toe hulle Hom sien, skryf Johannes, was hulle baie bly. Hoe dan anders? Drie dae tevore het hulle by Golgota met hulle eie oë gesien hoe Jesus aan die kruis sterwe. En nou staan Hy hier voor hulle – lewend, met die kruiswonde sigbaar in sy hande en sy sy. En Hy praat met hulle. Ja, dit is nie 'n droom of 'n visioen nie. Jesus het liggaamlik uit die graf opgestaan, en Hy lewe werklik. Geen wonder nie dat hulle oorstelp was van blydskap.

Blydskap oneindig groter

Enkele maande tevore het hulle 'n soortgelyke blydskap beleef toe hulle vriend Lasarus, wat dood was, deur Jesus uit die dood opgewek is. Toe was dit blydskap oor 'n dierbare wat gesterf het en weer lewend geword het. Hierdie keer was hulle blydskap egter oneindig groter. Waarom?

Die dissipels het dit miskien nie op daardie oomblik alles begryp nie. Tog het Jesus hulle op hierdie blye oomblik voorberei. Op die vooraand van sy kruisiging het Hy vir hulle gesê (Joh. 16:20-22): *"Nog 'n klein rukkie,*

dan sien julle My nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien. Dit verseker Ek julle: Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in blydskap verander … Julle is nou bedroef, maar as Ek julle weer sien, sal julle harte vol blydskap wees, en niemand kan julle blydskap van julle af wegneem nie."

Met hierdie woorde het Hy hulle geleer dat sy dood en sy opstanding vir sommige mense tot droefheid en vir ander tot blydskap sou wees. Ja, sy kruisdood was 'n waterskeiding-oomblik vir die mensdom, 'n gebeurtenis waaroor gelowiges getreur het, terwyl die ongelowiges – die wêreld – bly was oor sy dood. Die wêreld het immers saam met Satan gedink dat dit die einde van die Seun van God was. Hulle blydskap was egter van korte duur, want drie dae later het Jesus die dood oorwin en met sy opstanding die pad na die ewige lewe vir die gelowiges oopgebreek.

Redes vir blydskap

Die dissipels se droefheid het in blydskap verander. Toe hulle Hom daardie Sondagaand lewend by hulle sien staan, het groot blydskap oor hulle gekom. Presies soos Jesus gesê het dit sou gebeur. Hulle was egter nie net bly omdat Hy weer lewendig was nie. Nee, hulle blydskap het oor baie meer gegaan. Wat was die eintlike rede vir hulle blydskap? Daar was inderwaarheid verskeie redes. Hiervan het Jesus hulle geleer op die vooraand van sy kruisiging.

In Johannes 15:1-11 hoor ons Jesus sy dissipels leer dat hulle in Hom moet bly, net soos druiweranke in 'n wingerdstok, sodat hulle in Hom kan lewe en vrug dra. Aan die einde sê Hy (vs 11): *"Dit het Ek vir julle gesê sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees.*" Om een met Christus te wees, beteken dat ook sy blydskap deel van ons word.

- Wat is Jesus se blydskap? Dit is om die wil van sy Vader te doen en Hom daardeur te verheerlik. Ons deel in sy blydskap as ons ook bly is omdat die Vader deur Jesus se kruis en opstanding die eer ontvang wat Hom toekom.

- Verder is ons bly oor ons eenheid met Christus – ons in Hom en Hy in ons. Dit beteken dat Hy, nadat Hy sy heilswerk voltooi het, verder deur sy Gees in ons woon. Soos die druiweranke uit die wingerdstok krag ontvang om vrug te dra, so dra ons vrug deur die Heilige Gees. Die vrug is dat ons die Vader uit liefde en dankbaarheid gehoorsaam. Om sulke vrugte in ons lewe te sien, is 'n wonderlike bewys dat Christus deur sy Gees in ons woon en werk. So lei ons eenheid met Christus tot "volkome blydskap".

Toe die dissipels die opgestane Here lewend voor hulle sien staan, was hulle vol van blydskap omdat hulle geweet het dat Hy by en in hulle sal bly, deur sy Gees, selfs nadat Hy weggegaan het na die Vader.

In Johannes 17 hoor ons die gebed waarmee Jesus op die vooraand van sy kruisiging vir sy dissipels en die kerk voorbidding by die Vader doen – as't ware 'n voorskou van die voorbidding wat Hy ná sy hemelvaart sou doen (vgl. Joh. 16:24-28). In sy gebed sê Jesus aan die Vader (vs 13): *"Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.*" Jesus doen hierdie vooruitbidding sodat die dissipels kan weet dat Jesus as volmaakte Voorspraak na die Vader toe gaan.

Blydskap steeds ruim en wyd

So ruim en wyd as wat die dissipels se blydskap daardie eerste Sondag was toe hulle die opgestane Here Jesus voor hulle sien staan het, so ruim en wyd is die blydskap van gelowiges deur die eeue tot vandag toe wanneer ons die opgestane Here Jesus in die geloof voor ons sien. Dit is 'n blydskap wat opspring uit die sekerheid dat die Here Jesus ons nie verlaat het nie, maar dat Hy steeds ná sy hemelvaart deur sy Gees by ons is. Dit is 'n blydskap wat groter word elke keer wanneer ons die vrug van die Gees se werk in ons eie lewe sien. Dit is 'n blydskap wat nog verder groei wanneer ons by ons gebede weet dat Christus by die Vader vir ons intree. Dit is die vreugde daarvan om Jesus te ken as ons opgestane Here wat leef tot in ewigheid. En deur ons eenheid met Hom leef ons ook in ewigheid.

Is dit die vreugde wat jy in die Here beleef? Bid tot die Here dat Hy sy blydskap in jou volkome sal laat word. DK

Dr. PW (Pieter) Mulder (voormalige parlementslid) (Potchefstroom)

Wie is Cyril Ramaphosa?

Wat hou die Ramaphosa-era vir ons as Christene in?

DR. PIETER MULDER het Cyril Ramaphosa goed leer ken tydens die grondwetlike onderhandelinge in die negentigerjare en ook as voormalige parlementslid en leier van die VF Plus. Maandeliks is daar in die parlement 'n vergadering tussen die leier van die Raad (wat tot nou toe Ramaphosa was) en die verskillende partye se leiers. Met dr. Mulder se uittrede in November 2017 het hy ook 'n 90 minute-gesprek met mnr. Ramaphosa alleen in sy kantoor gehad.

Die Zuma-era is verby.

Ek moet bieg dat ek talle kere aan die leierskapsopdrag aan Moses gedink het: *"... jy moet onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie"* (Eks. 18:21). Petrus skryf, terwyl die Romeine die Christene vervolg: *"Vrees God. Eer die keiser"* (1 Pet. 2:17).

Gaan dit makliker wees in die Ramaphosa-era? Hoe verskil die leiers van mekaar?

Zuma was in sy denke 'n Afrika-tradisionalis. 'n "Zoeloe-hoofman", met vier vroue en 'n Nkandla-woonkompleks. 'n Tradisionele leier wat nooit president van 'n ingewikkelde land met 'n gevorderde ekonomie soos Suid-Afrika moes geword het nie.

"Die Zoeloe-koning het ses vroue en die Swazi-koning 14. Zuma is heel beskeie met slegs vier vroue," verduidelik 'n Zuma-ondersteuner hierdie tradisionele benadering aan my.

"En wat van Nkandla?" vra ek.

"As die staat jaarliks R56 miljoen kan betaal aan die Zoeloe-koning om sy ses paleise vir sy vroue in stand te hou, kan hulle sekerlik ook Zuma se veiligheid in 'n gevaarlike omgewing soos Nkandla met 'n eenmalige R256 miljoen opknappings verseker," antwoord die Zuma-ondersteuner.

Waarom wou Zuma nie Ramaphosa as sy opvolger hê nie?

Een van Zuma se vroue, Thobeka Madiba-Zuma, som Zuma-ondersteuners se gevoel oor Ramaphosa op toe sy kort voor Zuma se bedanking Zuma met Ramaphosa in 'n Twitter-boodskap vergelyk. Sy skryf dat Zuma nie soos Ramaphosa eers in 1991 by die ANC aangesluit het nie. Zuma het ook nie die ANC verlaat om ryk te word nie. Is hierdie feite korrek?

Cyril Ramaphosa kom uit 'n Christelike, konserwatiewe huis met sy pa 'n polisieman in Soweto in die moeilike sewentigerjare. Hy voltooi sy laerskooldae in Soweto, waar hy diskriminasie as 'n Venda-skoolleerling van veral Zoeloe-leerders ervaar.

Sy pa stuur hom na 'n hoërskool in Sibasa in Venda (vandag Limpopo). By die hoërskool en in sy studentedae by die Universiteit van die Noorde is hy die voorsitter van die Christelike studentevereniging. So raak hy by evangelisasie in die Sibasa-distrik betrokke. Kort voor hy president geword het, het hy 'n erediens in die

St George-katedraal in Kaapstad bygewoon.

As regsstudent kom hy op universiteit met swartbewussyndenke in aanraking. Dit was van die gewildste denkstrome in die sewentigerjare. So word hy lid van SASO en die *Black Peoples Convention*. Sy aktiwiteite lei daartoe dat hy rondom 1976 se onluste aangehou word.

Hy voltooi sy regsgraad by Unisa en raak by die vakbondwese betrokke. As sekretaris-generaal van die mynwerkersvakbond NUM maak hy sterk sosialistiese uitsprake. Sy organisasievermoë blyk uit die feit dat hy in tien jaar die vakbond se ledetal van 6 000 lede tot 300 000 lede uitbrei. Vanweë sy sukses as vakbondonderhandelaar maak Mandela hom die ANC se hoofonderhandelaar by Kodesa. Daar het hy ANC-standpunte entoesiasties onderhandel.

Pres. Mandela wou Ramaphosa onderpresident maak, maar is onder druk geplaas om Mbeki te kies. Dit veroorsaak dat Ramaphosa as parlementslid bedank en die sakewêreld betree. Hier was hy aktief in verskeie maatskappy se direksies waar dit oor wins en die vryemark gaan.

Ramaphosa is meer as R6 miljard sterk en een van Suid-Afrika se rykste persone. Volgens sy parlementêre belangevorm besit hy 32 eiendomme. Op sy plaas in Mpumalanga is hy 'n entoesiastiese beesboer wat selfs 'n boek oor sy Ankole-beeste gepubliseer het.

Ramaphosa is met Tshepo Motsepe, 'n mediese dokter, getroud. Sy het 'n meestersgraad van Harvard en is die ouer suster van Patrice Motsepe wat in 2012 as die rykste persoon in Suid-Afrika aangewys is.

Uit die feite hierbo is die verskille tussen Ramaphosa en Zuma duidelik. Tog bly die vraag: Wie presies is Ramaphosa?

Op televisie was daar 'n program waar die gehoor tussen drie persone moes raai wie die regte mnr. Botha of Du Toit is. Die program eindig waar die aanbieder sê: *"Sal die regte mnr. Botha opstaan?"*

Dieselfde vraag word vandag in Suid-Afrika gevra: *"Sal die regte Cyril Ramaphosa asseblief opstaan?"* Is hy 'n baie ryk kapitalis sakeman en beesboer? Is hy 'n oortuigde sosialis en goeie vakbondorganiseerder? Is hy 'n lojale ANC-kader en onderhandelaar? Hoeveel het oorgebly van die Christenstudentevoorsitter wat evangelisasie gedoen het?

Tyd sal leer. Ek glo hy is iets van alles hierbo.

Die positiewe is dat al hierdie aktiwiteite hom breë ervaring van Suid-Afrika se unieke probleme gegee het as belangrike voorbereiding vir sy taak as president. Hy het 'n moderne aanslag, ken die sakewêreld, vakbondwese en die staatsdiens. In gesprekke met my het hy begrip vir die onsekerhede van boere en minderhede getoon. Hy is oop vir gesprek, nie onbuigbaar nie en besef dat korrupsie die land vernietig.

Aan die negatiewe kant gee die besluite van die ANC-kongres oor grond hom min beweegruimte. Sy eerste prioriteit bly om die ANC se eenheid te behou ten einde te verseker hulle wen die 2019-verkiesing. Hy sit ook met 'n staatsdiens wat só getransformeer is dat hulle moeilik sy planne op grondvlak kan uitvoer.

Wat word van ons verwag?

Ons moet die owerheid gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie (NGB Art. 36). Ons moet ook voorbidding vir die regering doen dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:2).

Dit beteken beslis nie om net passief te sit nie. Kritiseer leiers waar nodig. Neem deel aan verkiesings; registreer en stem vir die politieke party die naaste aan jou denke.

Maar, terwyl jy dit doen, onthou Psalm 146: *"Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy asem verlaat hom, hy word weer grond en sy planne is daarmee heen. Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jakob ontvang, die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God."* DK

Ds. Cassie Aucamp (Andeon)
(verwerking van 'n preek deur ds. Aucamp op Sondag 18 Februarie 2018)

Vertrou nie op prinse nie

Almal in ons land is gevul met nuwe afwagting, selfs met optimisme. Die donker, obskure bewind van Jacob Zuma is verby, en hoë verwagtinge word gekoester van ons nuwe president, mnr. Cyril Ramaphosa. Met reg. Die verandering in die land al van Desember af en dit wat hy in sy staatsrede beloof het, dui tog daarop: die tyd van korrupsie en staatskaping en plundering van staatsbronne is verby.

Dit is ook goed so. Ons mag nie maar in 'n permanente staat van negatiwiteit verval oor ons land en al sy mense nie. Ons mag ook nie die hand van die Here in dit alles miskyk nie. Hy tog stel konings aan, en Hy sit hulle weer af.

Tog is dit so dat hierdie nuwe golf van verwagting mens onwillekeurig laat dink het aan die bekende woorde van Psalm 146: *Moet op prinse nie vertrou nie*. Die eerste van die vyf Halleluja-Psalms waarmee die Psalmboek met 'n groot crescendo eindig. Al vyf hierdie Psalms begin en eindig met die bekende Halleluja ... loof die Here.

Treffend dat hierdie werkwoord se wortelbetekenis is: om te laat skyn, te laat skitter. *Loof die Here. Laat sy grootheid en goedheid en heerlikheid skyn en skitter.*

Alles het egter nie so geskyn en geskitter nie. Die Psalm praat van verdruktes, armes, hongeriges, gevangenes. Van wese en weduwees, vreemdelinge, geboënes. Dit blyk ook uit die tyd waarin hierdie Psalm na alle waarskynlikheid geskryf is. Van die oudste manuskripte het as opskrif: *van Haggai en Sagaria*. Dus, klaarblyklik 'n Psalm uit die naballingskaptyd. Terug in die Beloofde Land ... maar dinge gaan maar armoedig. Van die vroeëre glorie van Jerusalem is daar geen sprake nie.

En in hierdie omstandighede is daar iemand wat hierdie lied skryf, wat begin met *Halleluja: Loof die Here, o my siel ... ek wil Psalmsing tot eer van my God solank ek daar is*. Dan die slotakkoord: weer 'n kragtige *Halleluja*.

Tussen hierdie twee *Hallelujas* ... die groot teenstelling. Moet nie op mense vertrou nie, maar op God. Op die God van Jakob. Die eerste rede is nie omdat dit dalk 'n slegte prins is nie, maar omdat dit 'n nietige mens is. Mens in sy tydelikheid, sy broosheid. Mooier kan ons dit nie stel as wat ons dit sing in Totius se beryming nie:

Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind.
Op die mens jul hoop nie bou nie
... want as God hul gees ontbind ...
keer hul na die aarde weer ... en hul raadslaag stort terneer.

'n Mens, hoe magtig ook al, bly 'n nietige, kortstandige mens. Daar kom die dag dat die grote mens op wie jy jou hoop gestel het, sy lewensasem uitblaas ... en hy word weer grond, sy planne daarmee heen.

Kom ons onthou dit vandag by die groot euforie oor 'n nuwe president. Nege jaar terug was Zuma vir dieselfde mense weer die redder van die land. Toe was dit die koor van populisme. Nege jaar voor dit is Thabo Mbeki se lof weer besing.

Nou kan ons maklik sê dis nie ons probleem nie. Maar is ons nie ook maar geneig om ons hoop op mense te stel nie? Toe ons nog aan bewind was ... ons het van ons leiers ikone gemaak. En in die

tyd wat ons vandag beleef, wag baie van ons nog steeds op die De La Rey wat die Boere kom lei. As hy net opstaan ... gaan alles verander.

Kom ons kry net bietjie perspektief uit die Bybel oor die hele saak van leierskap. Ja, leiers is mense wat deur die Here gebruik word, en laat ons vir hulle bid sodat hulle volgens die wil van die Here regeer. Laat ons ook bid vir mnr. Ramaphosa. Die Here het 'n groot taak op sy skouers geplaas. Ons heil lê egter nie by die mens nie, maar by die Here. *Vertrou nie op prinse nie, maar op die God van Jakob*.

Die God van Jakob

In die eerste plek: Dit is 'n aanduiding van die God van die verbond. Van God wat Hom met sy volk bemoei. Maar hoekom Jakob, dikwels die swakke figuur? Ja, juis Jakob. Geen groot prestasies staan agter sy naam nie. Jakob, die bedrieëer. Jakob, geen leier vir sy seuns en een dogter in hulle huis nie. Jakob, mank aan sy heup toe God hom daar by Pniël in die nagworsteling geslaan het. Jakob, hoegenaamd nie die kragfiguur nie. En God laat Hom noem *die God van Jakob*. Jakob, juis die figuur wat so dikwels in sy lewe die bal laat val het, maar God is sy God. Jakob, juis die een figuur wat nie met krag en glorie groot dinge vermag het nie, maar wat tog groot ontvanger van God se genade was: *Esau het Ek gehaat ... Jakob het Ek liefgehad*.

As ek die God van Jakob tot my hulp het, het ek die almagtige, vrymagtige, soewereine God tot my hulp. Maar ook die genadige God, die God van ontferming en mededoë, die grote God wat laag neerbuk om nietige mense op te rig. Daarvan sing die Psalm op so 'n treffende manier. Hoe duidelik moes die volk nie in hulle swakheid, hulle Jakobwees, die vertroue wegtrek van mense af en op God rig nie.

Hy is die magtige God wat die hemele en die aarde gemaak het, die see en alles daarin. Hy is die getroue God. Hy is die God van ontferming en omgee en oprig, juis van wie swak is:

- *Hy laat reg geskied aan verdruktes, Hy gee brood vir die hongeres, Hy bevry die gevangenes, Hy laat die blindes sien. Hy beskerm die vreemdelinge. Hy help weduwees en wese. Wie in stof lê, neergeboë, word deur Hom weer opgerig.*

Die werklikheid van elke dag is gebroke, gekraak. Om ons heen is daar soveel hongeres, neergeboënes, blindes, gevangenes. In my eie bestaan ervaar ek so dikwels die gebrokenheid, die stukkend-wees. En van die God wat dit alles herstel, is soms na menslike oordeel so min te sien. Dan roep hierdie Psalm ons op om ons hele bestaan, ons vertroue te rig ... nie op die magtiges nie, maar op die God van Jakob, van die swakkeres. Om te midde van my onvermoë juis in my kleinheid my hulp by Hom te soek en te vind. Psalm 146 is die een psalm wat ek nie kan sing as ek myself danig sterk voel nie, maar juis die loflied te midde van gebrokenheid.

As ek so wegkyk van die grotes en die magtiges, en in my kleinheid my toevlug tot die God van Jakob neem, dan hoor ek weer so 'n lied, ruim 500 jaar later. Die Lofsang van Maria: *Maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog. Behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur.*

So het die Eersgeborene van Maria, Jesus Christus ons Here, juis die aarde ingekom: nederig, in 'n krip. En Hy gaan die magtiges verby en soek die kreupeles en die siekes en die stukkendes. Hy maak sy span bymekaar uit vissermanne en 'n tollenaar. Hy self stap die pad van die geringe, tot in die dood. Hy het na die aarde teruggekeer. Maar daarmee het sy raadslag nie terneergestort nie, want op die derde dag het Hy opgestaan, en is Hy die ewige Vors op Wie ons hoop en bou.

Ons dra ons leiers en elkeen wat met verantwoordelikheid beklee is, aan die Here op. Ook mnr. Ramaphosa. Ons hoop is nie op hulle uitnemendheid en krag nie, maar op ons ewige Koning, wat die dood oorwin het, wat by die troon van sy Vader intree ... juis vir swakke, nietige, gebroke, selfs sondige mense. En hulle heelmaak deur die krag van sy Gees. Hy wat weer sal kom om ewig oor ons te regeer: *Die Here is vir EWIG Koning. Jou God, o Sion, is van geslag tot geslag.*

Dit roep ons op tot volle vertroue en oorgawe aan Hom alleen. Dit is die ryke stof vir dit waarmee hierdie Psalm begin en eindig: *Halleluja ... Loof die Here*. DK